

**13 Augustus**

**1 Kronieke 15-16:6**

**Die nederige is groot voor God**

Die eerste poging om die ark na Jerusalem te bring was 'n mislukking, omdat die Here se eie wil geminag is. Nou lyk die optog egter heel anders. In plaas van 'n militêre parade, sien ons nou 'n voortdurende offerritueel. In plaas van 'n koning in ampsgewaad en militêre dekorasies, sien ons 'n man in die eenvoudige klere van 'n leerlingpriester (sy klere is dieselfde as wat Samuel as kind in die tempel gedra het). Dawid lei die volk in eerbetoning en vreugde voor die almagtige God. Sy vrou wat in die paleis van Saul opgegroeï het en die koninklike protokol ken, verag hom hiervoor. Maar voor God is hy die rolmodel met wie alle konings voor en na hom vergelyk word. Hy is ook tipe van Christus wat Homself in gehoorsaamheid ter wille van ons aan die Vader sou verneder.

Bekommerd oor u aansien voor die mense? Ware grootheid is om bereid te wees om alles prys te gee ter wille van ons diens aan God!

*Sing: Psalm 138:1,3*

*Ds HB Hattingh (Amanzimtoti)*